

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

Namens SAWA Oos Kaap bestuur wil ons elke lid en gesin 'n geseende Kersfees en voor spoedige 2018 toewens.



## Mangolds Pool: 1 - 3 Desember 2017

Kostes beloop R 150.00 vir 6 mense. Liana en haar span beplan heerlike rus naweek met 'n same braai die saterdagand. Elke gesin maar net 'n slaaitjie bring vir die braai. Ds Rudi wil graag die sondagoggend nagmaal hou. So asseblief laat weet wie gaan daar wees!!



## **Summerwood: 12 – 14 Januarie 2018**

Soos gebruiklik kan ons weer vanaf die maandag 8 Januarie begin kamp  
Tarief is R 140.00 vir 'n gesin van 4 en R 30 per gas na die 4 mense.

Die saterdag sal daar 'n potjiekos kompetisie wees en daarna sal die potjiekos te koop aangebied word.

Daar sal ook aktiwiteite wees vir kids, meer inligting sal by die kamp deurgegee word. Onthou jul moet die naweek van 12 – 14 kamp om in aanmerking te kom vir plaatjie.



### **Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:**

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra

### **Noodhulp tydens saamtrekke:**

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.



### **Wapad en Webwerf:**

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: [clarise.kruger@ms-it.co.za](mailto:clarise.kruger@ms-it.co.za)

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.



### **Ledegeld:**

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeleiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooi van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar: Kontant of EFT R350 en Debietorder R340  
Seniorburgers: Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

### **Bedryfsfonds:**

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se

rekening of by die kampeiers.

### **SAWA Kentekens:**

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, **MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL**

### **SAWA Oos Kaap Bestuur.**



